# FLORISBAD: 'N KAMPEERTERREIN VAN MEER AS 40 000 JAAR OUD

J.S. Brink

Die ontdekking van die Florisbad-mensskedel in die dertigerjare het hierdie vindplek wêreldbekend gemaak. Tog het 'n groot mate van duisterheid hierdie argaïese mense omhul. Wetenskaplike interpretasies rakende die leefwyses van derglike skepsels was dikwels grensend aan spekulasie. Vrae omtrent hierdie mense se leefwyse is nog steeds nie bevredigend beantwoord nie. Was hulle dalk soos moderne jagters en versamelaars of was hulle oorwegend primitief in hul verhouding met die omgewing?

Die mees onlangse navorsing wat gedoen word op die kampeerreste van 'n groep "Florisbad-mense" werp nuwe lig op die donker eeue van die Middelsteentyd. Die gedrag van die mense van hierdie tydperk word beter verstaan deur na die patrone en verspreiding van klipwerktuie en beenstukke te kyk. Hierdie soort voorkoms kan dus gesien word as 'n stukkie versteende mensegedrag en die ontleding daarvan werp lig op die aard van hierdie mense se aktiwiteite. In die algemeen staan die mens en sy omgewing in 'n onlosmaakbare verwantskap en deur die eeue heen het die een die ander beïnvloed.




*Die voltooide opgrawing van die Middelsteentyd bewoningslaag*



*Opgrawings te Florisbad*



*Fotos van kap- en snymerke op bene*



Die oogmerk en uitgangspunt van paleo-ekologiese navorsing te Florisbad is juis om hierdie verhouding te ondersoek en sodoende meer te verstaan van die lewensstyl van sulke argaïese mense en die betekenis daarvan ten opsigte van die uiteindelike produk, synde onsself, *Homo sapiens sapiens.*

Die Florisbad-mense het die fontein as bron van water en proteïne benut deur wild daar te jag, die karkasse terug na hul kampeerplek te sleep en om dit daar verder op te sny en te verwerk. Hierdie mense het ook vuur gemaak en talle tekens van die gebruik van klipwerktuie, veral vir die opsny van vleis en die breek van murgbene, is gevind by die oorblyfsels van 'n vuurherd in die onlangse opgrawings wat daar gedoen is. Hierdie vondse is uniek, aangesien dit van die weinig onversteurde bewoningslae van Middelsteentyd mense is.



# NASIONALE MUSEUM BIBLIOTEEK

**Die biblioteek huisves 6 052 boeke, 4 000 pamflette, 1 705 tydskriftitels, asook duisende skyfies.**

Van die belangrikste boeke in die Africana-versameling is:

1. Journal des Missions Évangéliques (de Paris) Vol. 1, 1826 tot Vol. 77, 1902.

2. The birds of South Africa 2 Vols. (1875-1884) met waterverf illustrasies deur Edgar Leopold Layard. Dr. Hugh Exton, die eerste onbetaalde kurator van die Museum (1877-1883), het die boeke van die skrywer ontvang en dit aan die museum geskenk.

3. Blaeu Atlas dele 1, 3, 4 en 5. Deel 2 wat oor Afrika handel word al vir sestig jaar vermis. Hierdie stel se waarde word op meer as R25 000,00 geskat.

Die biblioteek is hoofsaaklik vir die gebruik van die personeel maar die publiek is welkom om die materiaal in die biblioteek te raadpleeg.